

**Saterdag 28 September**

**Skrifgedeelte: Romeine 15:14-21**

**Fokusgedeelte: Romeine 15:17**

**Wees trots in Jesus Christus!**

So maklik vertel ons aan die wêreld hoe trots ons is op alles wat ons al vermag het. Ons verkondig al ons en ons kinders se prestasies op sosiale media, sodat almal daarop kommentaar kan lewer. Die vraag is, waarop is hierdie trots wat ons so verkondig, gefokus?

Paulus skryf in hierdie gedeelte ook dat hy trots is, maar sy trots is alleen op Jesus Christus gefokus. Daar is twee redes hoekom Paulus dit duidelik maak dat hy trots is in Christus. Eerstens, om trots op jou eie prestasies te wees, is nie mooi in die oë van die Here nie. Paulus maak dit self duidelik in 2 Korintiërs 10:17 wanneer hy sê: “Hy wat roem, moet in die Here roem.” Om te roem oor dinge wat in jouself gewortel is, is sonde.

Die tweede rede dat Paulus dit duidelik maak dat sy trots in Christus is, is omdat die hierdie hele Skrifgedeelte gebou is op die waarheid dat God deur sy genade mense gebruik om in sy diens te staan. Deur die werking van die Heilige Gees in ons lewens kan ons die evangelie uitdra in alles wat ons doen, dink en sê. Hierdie roeping word gerig aan alle Christene.

Dit is dus belangrik dat ons trots in Jesus Christus gewortel moet wees. In Hom is ons in staat om 'n lig in hierdie wêreld te wees waarop ons voorwaar trots mag wees. Laat ons nie op ons eie prestasies roem nie, want in onself is ons swak en kan ons niks goeds doen nie. Kom ons sien God se werk in ons lewens raak, want dit is alles net genade. Wees dankbaar om so trots te mag wees in alles wat jy in diens van Jesus Christus mag verrig.

*Sing: Psalm 34-1:1*

*Ds. JPL van Jaarsveld (Vickus) (Krugersdorp-Wes/Magaliesburg)*